PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. — In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXV — VRYDAG 17 APRIL 1970 — NR. 4

J. Heidema
Kerkstraat 48, Potchefstroom.
Telefoon 5319
VIR PUKKE
DIÉ FIETSWINKEL

# DIE PUKKE GAAN NASIONAAL STEM

**DIE PUKKE gaan oorwegend nasionaal stem, is die gevolgtrekking na 'n meningsopname onder die studente. Die H.N.P. geniet heelwat ondersteuning, maar die getalle is onbeduidend in verhouding tot die blok wat die regerende party steun. V.P.-ondersteuners is dun gesaai en Progressiewes is skynbaar in absentia.**

**In persentasieverteenwoordiging lyk die situasie so: 82% Nasionaal, 12% H.N.P., en die verdere 6% behels V.P.-ondersteuners en neutrales.**

Die manstudente is sterk Nasionaal, maar daar is tog plek-plek die neiging tot H.N.P. blokvorming. Hulle gesels lekker politiek, is meestal entoesiasties en hulle motiewe is oor die algemeen duidelik omlyn. Die dames kruip agter glimlaggies en slimlaggies weg. Hulle maak dikwels 'n bespreking af met 'n vroulike ophaal van die skouertjies: ek dink nie eintlik oor die politiek nie, en versier dit dan met 'n apologetiese glimlaggie om dit verteerbaar te maak. 'n Onverwagte is die feit dat die intelligentsia onder die dames byna sonder uitsondering H.N.P. stem.

JONG PARTY

Interessant is die feit dat die verskillende partylede bepaalde gedragspatrone toon. Die Nasionaliste is redelik wyd versprei, het min onderlinge kontak en voel hulle polities veilig. Dit is miskien die gevolg van hul party se lang bewind.

**Die H.N.P.-groep verteenwoordig al die elenskappe van 'n jong party wat na groei strewe. Hulle is polities aktief, woon dikwels**

★ Vervolg op bladsy 2

# U.P.–S.R. BESOEK PUK



**Studenteraadslede van U.P. tydens hulle welwillendheidsbesoek Maandag aan die Puk. (Foto: Fotokuns)**

S.R.-lede van die Universiteit Pretoria het op Maandag 13 April 'n welwillendheidsbesoek aan die Puk se studenteraad gebring. Hierdie besoek vorm deel van 'n reeks sodanige besoeke wat die Tukkies in die vooruitsig stel.

Tydens informele samesprekings is sake van gemeenskaplike belang bespreek soos samewerking wat betref aksies buite die twee kampusse en probleme m.b.t. studentepassiwiteit asook die dra en aankoop van kleurbaadjies.

Oor die algemeen voel beide studenterade dat die studente van albei inrigtings as Afrikanerstudente nie alleen baie in gemeen het nie, maar fundamenteel ook 'n gemeenskaplike taak en roeping het.

Mnr. Hannes Botha, voorsitter van U.P. se Studenteraad, is ook gevra om 'n paar woorde te sê in die Sentrale Eetsaal, waar albei studenterade middagete genuttig het. Hy is telkens spontaan toegejuig.

# Puik Kuesta '70 bied ontspanning en vermaak

**„VOLGENDE JAAR maak ons weer so", sê die kursusgangers as hulle van Kuesta '70 praat. 'n Reuse sukses wat getuig van ontsaglike organisasie wat alreeds in Mei verlede jaar 'n aanvang geneem het. Die „Kunsfiesta" is gereël deur die A.S.B. op die kampus van N.K.P. en het op kompetisie- en kursusbasis verloop.**

Verskeie kursusse, soos bv. retoriek, joernalistiek, batikwerk, juwelemaak, grimering, etiket, klipslyp ens., is aangebied deur deskundiges op die verskillende terreine. Die algemene uitspraak onder die kursusgangers is dat die kursusse besonder geslaagd en leersaam was.

Daar was 'n inskrywingsgetal van bykans 800 Afrikaanse studente dwarsoor die land. Nie alleen kursusgangers nie, maar ook mededingers van die kunswedstryde waar 'n besondere hoë standaard gehandhaaf is, het „Kuesta '70" bygewoon.

Ontspanningsaksies het natuurlik 'n groot deel van die program uitgemaak en die orkes van Alabama het sy bekoring nog verder versprei deur met 'n meesterlike uitvoering weer 'n groot gehoor se ongetwyfelde genoegdoening te bekom. Johan van Rensburg was weer sy onverbeterlike self en sy aanhangers strek nou letterlik van die Kaap tot in Transvaal.

Ronél Steyn, tweedejaar Pukstudent, het daarin geslaag om een van die finaliste in die „Mej. Kuesta" wedstryd te wees. Sy was die enigste Puk tussen drie Maties en een Wellingtoner.

'n Groot bron van vermaak was die uitstappies van die skaatsbaan wat nie net die beenspiere maar ook die lagspiere oortyd laat werk het. Die geesdriftige leke het die volgende afkondiging baie snaaks gevind: „Will all children, beginners and students please leave the ice"

Ja nee, almal stem vir 'n ruiker vir diegene wat hulle akademie opsy geskuif het om so 'n puik geslaagde aksie te organiseer en met weinig haakplekkies te laat verloop.



**'n Groepie Pukke by Kuesta '70 nadat hulle 'n braaivleisete genuttig het. Dit het plaasgevind op die kampus van N.K.P. (Foto: Wouter Uys)**

# GESLAAGDE SIMPOSIUM OOR CHRISTELIKE WETENSKAP

CHRISTELIKE wetenskap geniet nog steeds baie aandag in Afrikaanse Studentebond-kringe. Blyke hiervan is die algemene belangstelling wat daar geheers het vir die konferensie oor hierdie saak wat Saterdag deur die Departement Studie en Navorsing van die A.S.B. aan die Pretoriase Onderwyskollege gereël is.

Sewe Pukke, waaronder 'n hele aantal lede van die P.U.-afvaardiging na die komende A.S.B.-kongres, het die konferensie bygewoon. Studente van U.O.V.S., die R.A.U., die Universiteit van Stellenbosch en die Pretoriase Onderwyskollege was ook op die konferensie teenwoordig.

In 'n onderhoud met „Die Wapad" het mnr. Leon Wessels, voorsitter van die plaaslike A.S.B.-komitee, verklaar dat hy baie tevrede is met die wyse waarop die konferensie afgeloop het. Beide sprekers, te wete prof. P. S. Dreyer van die Departement Wysbegeerte van die Universiteit van Pretoria en dr. H. Hansma van die Departement Anatomie van die Universiteit van die Witwatersrand, het hulle besonder goed van hul taak gekwyt.

Volgens mnr. Wessels heers daar algemene tevredenheid by die konferensiegangers oor die goeie gees waarin die bespreking verloop het. Selfs tydens vraetyd toe daar deurgaans lewendige bespreking en meningswisseling tussen die sprekers en die gehoor plaasgevind het, het daar geen onaangenaamhede voorgekom nie.

Mnr. Wessels het die hoop uitgespreek dat daar voortgegaan sal word met hierdie wyse van bespreking in opvolging van die besluit van die vorige A.S.B.-kongres dat sentra 'n studie van die hele aangeleentheid sal maak. „Met hierdie konferensie is ongetwyfeld 'n hele ent gevorder op die weg na opklaring van die verskillende standpunte en 'n mens kan maar net vertrou dat die vordering wat hier gemaak is, nie verlore sal raak nie", het hy gesê.

## Daar he'jy dit



Die Wapad wonder watter twee ballonne Woensdag in Potch. gaan bars.

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

## 20th Century

FRI., 17th and SAT., 18th

**FLAREUP**

* RAQUEL WELCH
* JAMES STACY

Not for children 4 to 12

SAT. MORNING at 9.45 a.m.

BOMBA in

**THE LOST VOLCANO**

MON., 20th and TUES., 21st

**THE MAGUS**

* ANTHONY QUINN
* CANDICE BERGEN

Not for perosns 4 to 18

WED., 22nd and THURS., 23rd

**THE AMSTERDAM AFFAIR**

* WOLFGANG KIELING
* CATHERIN VON SCHELL

## Goue Weste Inry

Tel. 6437

FRIDAY, 17 April at 6.45 p.m.
SATURDAY, 18 April at 6.45 p.m.
M.G.M. Presents

* JAMES FRANCISCOS

In the exciting War Episode!

**SNOW TREASURE**

In Colour.

FRIDAY, 17 April at 9.00 p.m.
SATURDAY, 18 April at 9.00 p.m.

* KIM NOVAK
* PETER FINCH
* ERNEST BORGNINE

In M.G.M.'s gripping Drama!
Overnight she became a Star — Over many nights she became a legend!

**THE LEGEND OF LYLAH CLARE**

In Metrocolor.
(No peson 4—18).

MONDAY, 20 April at 7.00 p.m.
TUESDAY, 21 April at 7.00 p.m.
FRIDAY, 24 April at 7.00 p.m.
SATURDAY, 25 April at 7.00 p.m.
NOTE only one Show at 7.00 p.m.
By our special request we present with Pleasure!
That Fantastic Spectacle of Greatness!

* JOHN WAYNE
* RICHARD WIDMARK
* LAURENCE HARVEY
* LINDA CRISTAL
* JOAN O'BRIEN

And a cast of thousands!

**THE ALAMO**

In Glorious Technicolor.
This is a 'Must' It's unforgettable. Come Early to avoid disappointment!
Released through United Artists

WEDNESDAY, 22 April at 7.00 p.m.
THURSDAY, 23 April at 7.00 p.m.
United Artists Present

* MICHAEL CONSTANTIN
* DANIEL IVERNEL

In the fabulous Western Thriller.

**MIDNIGHT RAID**

De Luxe Colour.
(No Persons 4—18).

**KOLLEGE DIENSSENTRUM**

**Studente ! !**

**Julle ken almal**

**Oom Chris Coetzee**


# OOSTERHOF VERSKIL OOR BOEREKOS EN AMERIKAANSE ETES

**IN OOSTERHOF is daar weer eens vreugde in die harte van ons boeredogters. Die rede is geleë in verandering van spyse — van die eg-Amerikaanse etes terug na die ou boerekos. En glo my dié dames juig, want wie, wat groot geword het op pampoen vir krulhare, beet vir rooi wange en vleis gaargemaak in heerlik sissende vet, kan lief word vir afgewaterde boontjies en vetlose vleis?**

Alhoewel daar uiteenlopende menings onder die dames bestaan is die standpunt van die oorgrote meerderheid blykbaar „Ons hou van regte boerekos, ons is nie Amerikaners nie".

### SOUS BITTER

Leone Izaaks 'n B.Comm. student sê van die Amerikaanse voedsel, „Die artappels is te droog, boontjies en wortels smaak nie na boontjies of wortels nie. Die vleis is smaakloos en die sous is bitter, verder kan die rys regop staan in jou bord van hardheid". Cecile Swanepoel 'n B.A., M.W.-student stem volmondig met Leonie saam. Elna Mulder B.Comm. sê: „Boerekos bly maar die lekkerste, party van die Amerikaanse kos kan gaan, maar oor die algemeen is hulle maar half smaakloos. Vroeg in die kwartaal was dit nog 'n nuutjie, maar teen die einde van die kwartaal was jy moedeloos as jy aan die smaak dink". In 'n vraag op wat sy van die verandering dink het Cladys Dönges. 'n Farmasie student vrolik geantwoord „Ek dink dit is bak". Dit is 'n antwoord wat boekdele spreek, en wat tradisionele boerekos weer eens bo aan die lys van lekkernye plaas.

### BOEREKOS BOBAAS

**Ons het ook gaan loer in die smaak van die musiekmense en in dié geval ook die boerekos bobaas gevind. Adriën Hoogenboesem, B.-Mus.,dink boerekos is, en bly die beste.**

Alle krediet gaan aan die Amerikaners. Sonja Vorster B.A. III dink die eg Amerikaanse kos is beter vir die figuur en spysvertering. Kathy du Toit dink die kos gaargemaak met infra-rooistrale is smaakvoller gegeur as die gewone boerekos, terwyl André van Rensburg 'n B.Mus. student saamstem — „Gee vir my kos gaargemaak met Infra-Rooistrale".


## Potch Inry

Tel. 5307 of 6345 bedags

VRYDAG 17 April om 6.45 nm.
SATERDAG 18 April om 6.45 nm.

* BURT LANCASTER
* DEBORAH KERR

In M.G.M. se Rillerige Drama!

**THE GYPSY MOTHS**

Metrokleur
Dis vermaaklikheid vir die hele Gesin!

VRYDAG 17 April om 9.00 nm.
SATERDAG 18 April om 9.00 nm.
M.G.M. Bied aan

* JAMES GARNER
* JEAN SIMMONS

In die aangrypende en spanningsvolle Drama.

**WOMAN WITHOUT A FACE**

(Niemand 4—12).

MAANDAG 20 April om 7.00 nm.
DINSDAG 21 April om 7.00 nm.
VRYDAG 24 April om 6.45 nm.
SATERDAG 25 April om 6.45 nm.

'n Nuwe blyspel wat u sal laat skaterlag!

* ANDY GRIFFITHS
* JERRY VAN DYK

**ANGEL IN MY POCKET**

In Kleur
Kom vroeg en bring die hele Gesin vir 'n genotvolle aand!

WOENSDAG 22 April om 7.00 nm.
DONDERDAG 23 April om 7.00 nm.
VRYDAG 24 April om 9.00 nm.
SATERDAG 25 April om 9.00 nm.

* HENRY SILVA
* THOMAS HUNTER
* DAN DURYA
* NICOLETTA MACHIAVELLI

In die rillende ‚Western' wat anders is!

**THE HILLS RUN RED**

Kleur
(Niemand 4—12).


# NEGE-EN-TWINTIGJARIGE SUIDWESTER BENOEM AS PROFESSOR

**DR. N. J. SWART van die fakulteit ekonomiese wetenskappe, is op nege-en-twintigjarige ouderdom benoem as professor en direkteur van die Nasionale Instituut vir die Distribusiehandel wat so pas by die universiteit begin is. Dit word beskou as 'n besondere prestasie.**

Dr. Swart wat in Gobabis, S.W.A. skoolgegaan het, het die grade B.Comm., Honns. B.Comm en M.-Comm aan die P.U. verwerf, waarna hy die Ph.D.-graad by die universiteit van Illinois in die V.S.A. op sewe-en-twintig jaar ontvang het. Sy tesis het gehandel oor bemarking.

Prof. Swart was ook penningmeester van die S.R. gedurende die 1960—61 termyn.

Van November 1968 tot Januarie 1969, het dr. Swart in Nederland, België en Wes-Duitsland navorsing gedoen oor die bedryfsaspekte van middelgroot-en kleinhandel. Dit het gelei tot 'n omvattende verslag waarin hy 'n instituut vir hierdie handel aanbeveel. A.g.v. hierdie verslag, is daar deur mnr. Jan Haak, minister van ekonomiese sake en beplanning in die parlement aangekondig dat 'n Nasionale Instituut vir Middelgroot- en Kleinhandel by die P.U. in die lewe geroep gaan word. Groot bedrae is ook van regeringskant af vir sodanige instituut bemiddel.

### BESTUURSHULP

Die instituut het so pas met sy werksaamhede begin, en op die huidige oomblik geniet konsultasiedienste die prioriteit. Navorsing oor probleme wat kleinhandel en middelgroothandel ondervind, sal gedoen word. Tegniese voorligting en advies sal gegee word op sowel 'n gesamentlike en individuele grondslag.

Persone sal in diens geneem word wat op verskeie plekke in die land geplaas gaan word wat tegniese en bestuurshulp oor alle aspekte van die distribusiehandel sal verleen.

Die eerste vergadering van die nuutgestigte instituut is op 10 April in die senaatsaal van die universiteit gehou. Die rektor, prof. Bingle dien as voorsitter, terwyl ander plaaslike lede proff. D. J. Viljoen en D. P. Erasmus insluit. Enkele ander lede was ook teenwoordig, onder andere verteenwoordigers van Assocom, die Afrikaanse Handelsinstituut en die sekretaris van handel.

# SÓ WORD STUDENTE GELEER OM TE PRAAT

**DAT DAAR VELE dinge op ons kampus in stilte geskied, en dat daar soms so in die stilte dan ook waardevolle diens aan die studente en deur die studente gelewer word is nie te betwyfel nie.**

Dit is weer eens bewys, toe ons in 'n onderhoud met meneer Zak Ferreira, organiseerder van die Retoriese Vereniging, verneem het van wat hulle alles as vereniging doen en beoog om te doen. Vir die oningeligtes wil ons net sê dat die doel van die vereniging is om redenaarskuns te bevorder.

Die Retoriese Vereniging vergader eenmaal elke drie weke van 7.30—9.30 nm. Hulle het 'n unieke vergaderingsprosedure, in die sin dat hulle afwyk van die prosedure van 'n gewone debatsvereniging. Verder noem hulle elke lid op sy naam, en vir elke vergadering word 'n voorsitter aangewys, wat meebring dat die lede kans kry om te oefen, in die voorsitterstoel.

Daar is verskeie middele en metodes wat deur hulle gebruik word om die lede tot praat te aktiveer. Hulle probeer ook selfvertroue bevorder, d.m.v. toesprake waar die gehoor tussenwerpsels invoeg. Die ledetal is min of meer dertig. Voor 'n vergadering word ses persone aangesê om toesprake oor onderwerpe voor te berei, — die toesprake duur ses minute en word gekritiseer.

Vir die volgende vergadering word beoog om mnr. Prinsloo, van die proefplaas, 'n outoriteit op die gebied van die redenaarskuns te kry om 'n lesing te lewer. Verdere aksies van belang is die Wolnit-Redenaarskompetisie in Augustus. Skakeling met die plaaslike onderwyskollege word ook beoog.

# DRAKENSTEIN EN KARLIEN JOL

VAALRIVIER, vrye natuur, kampvuur, en plesier — dit is maar 'n paar van die elemente van 'n fantastiese uitstappie.

Karlien en Drakenstein, is Saterdagmiddag, 21 Maart, hier weg met 'n meubelvervoerwa en twee groot oop vragmotors na die Feesterrein langs die Vaalrivier net buite Parys.

Daar aangekom het een groep speletjies gespeel terwyl party van die manne vir die asters gewys het dit is nie onmoontlik om oor die Vaalrivier te swem nie. Die speletjies het aangehou totdat die bal soek geraak het; toe het ons maar ons toevlug geneem na die komberse onder die bome.

Terwyl party van die manne gehelp het met die vleisbraai, het die ander diep gedagtes gewissel op die perdevelle onder die bome.

Na die aandete het elkeen sy perdevel en sy ander helfte nader gesleep na die groot kampvuur waar saam grappe vertel en gesing is.

Elfuur was almal reeds terug na 'n dag wat almal geniet het.

* Vervolg van bladsy 1

**vergaderings by, help aktief met die werwings veldtogte en bespreek dikwels hul beleid onderling. Die gevolg is 'n baie sterker onderlinge kontak. Die V.P.-ondersteuners is meestal enkelinge, die neutrales individualisties met liberale tendense.**

Motiewe lewer interessante bevindinge op. Die dames voel die ooreenkoms tussen stemdag en aanstaande Maandag se toets: dit móét eenvoudig. Hier en daar is tradisie, die gevoel van dit wat **HOORT**, deurslaggewend. Die demokratiese regte van die vrou het vir hulle nie die belang wat dit vir hulle Amerikaanse susters het nie. Die mans se motiewe is duideliker omlyn. Hulle is meer geesdriftig om te motiveer waarom dié sekere party. Die meerderheid van dié wat nasionaal stem, voel dat die regerende party die beste bevoegd is om sake van die dag te hanteer. Ook die duidelike lyn van ontwikkeling in die party se beleid is vir hul 'n versekering vir die toekoms.

Die H.N.P.-ondersteuners voel dat die party se beleid vir die eerste keer weer voorsiening maak vir die belange van die blanke en meer spesifiek die Afrikaner. Die het vir hul verlore gegaan in die regeringe se aksent op die uitwaartse beweging in die vorige dekade. Daar is selfs diegene wat vir 'n opposisieparty gaan stem, sodat die regerende party 'n sterk opposisie kan hê wat hulle sal dwing om die politieke werf skoon te vee!


Die mees verblydende waarneming in die meningsopname is die feit dat ons studente besig is om uit die politieke impasse van die vorige dekade te beweeg. Weliswaar is emosie nog die bepalende faktor in ons politiek. Maar die skrif is teen die muur. Die studente van die jare sewentig was die getuies van die Kulturele Rewolusie van die vorige dekade. Hulle is bewus van die feit dat hulle mening gewig dra. Die spesiale pogings van die verskillende partye om spesiale jeugorganisasies binne die party te organiseer, is 'n bewys hiervan. Politieke regimes en ideologieë word nie meer sonder meer aanvaar nie. Orals begin vraagtekens opduik, word daar oor die hoekoms en die waaroms besin.

**Dit bly egter patetles om te sien hoe min ons studente werklik van die politieke woelinge in ons land weet. Hulle glimlag net verskonend wanneer daar algemene vrae gevra word.**



Mnr. Kobus van der Walt, voorsitter van die karnaval komitee. Mnr. Van der Walt en sy span is hard besig met die reëlings en hulle hoop om met hierdie karnaval voort te bou op vorige pogings. Hulle gaan veral nuwe en oorspronklike idees gebruik in planne.
(Foto: Fotokuns)

'n Reeks deurmekaar vergaderings het Potch. getref die afgelope tyd.




# Op en om die Kampus



Die kaaseetspan van die Pukke wat teen 'n span van Kovsies verloor het. Op die foto is sittende van links na regs Gerrie du Preez, Burgert v. d. Westhuizen, Jerry Cunniff en Jorrie Jordaan. Saam met hulle is twee aspirante joolkoninginne van Kovsieland.
(Foto: K. v. d. Walt)



Korps Veritas Vincet sorg hierdie jaar vir uitstekende programvergaderings. Woensdagaand het die bespreking gegaan oor Popmusiek. Op die foto is prof. W. J. de Klerk, mnr. L. du Plessis (voors. V. Korps) en prof. T. v. d. Walt.
(Foto: Fotokuns)



Werk aan die deurgang onder die treinspoor het reeds begin in die omgewing van Karliendameskoshuis.
(Foto: Fotokuns)


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5038



Die winkel waar

die kieskeurige dames koop.






NASIONALE BOUVERENIGING

waar Spaarsin beloon word

Kerkstr. 100 Posbus 517

POTCHEFSTROOM



PARADISE RESTAURANT

- Dié kafee op die Bult met lugverkoeling
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

Tomstraat 86 Tel. 5474




Dr. Niek Swart wat so pas benoem is as professor in die fakulteit ekonomie.
(Foto: Fotokuns)

die WAPAD

VRYDAG 17 APRIL 1970

# DIE GESKILPUNT

In die felle verkiesingsveldtog is dit jammer dat daar so min aandag gewy is aan die werklike groot vraagstukke van ons land. Die verhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe is en bly nog steeds die grootste vraagstuk van ons tyd. In die oplossing daarvan moet ons optrede getoets word aan die Skrifbeginsels van regverdigheid en naasteliefde. Dit is wat van ons geëis word, watter beleid ook al toegepas word.

Alhoewel dit as amptelike opposisie ageer is die V.P. se beleid van 'n onverdeelde S.A. onder blanke leierskap vaag, onrealisties en gevaarlik. Dat die leierskap vir die blankes gereserveer word, kan nie geregverdig word nie. Daarby het die gebeure in Afrika getoon dat in die gedagte van verteenwoordiging van verskillende bevolkingsgroepe in dieselfde wetgewende liggaam die kiem is van rassebotsing en -wrywing. In hierdie toestand kan daar nie reg geskied teenoor minderheidsgroepe nie. Die Progressiewe Party lewe soveel te meer in 'n droomwêreld van rasseharmonie in 'n veelrassige staat waar die verskille tussen individue ontken word.

Die N.P. en die H.N.P. is albei partye wat in afsonderlike ontwikkeling glo. Daardeur word die verskille tussen die verskillende volksgroepe erken en gehoop dat daar op dié wyse vreedsame naasbestaan in Suider-Afrika bewerkstellig kan word. Hierdie beleid moet egter ook voldoen aan die vereistes van regverdigheid en naasteliefde. Die huidige beperkende maatreëls op die nie-blankes kan dus alleen geregverdig word as dit gesien word as 'n tydelike maatreël. Dit is dus duidelik dat die skeiding van volksgroepe in groot haas moet geskied en so vinnig as wat omstandighede dit toelaat. Die kruks van die saak lê egter in die snelle opbou van die tuislande en die opvoeding van die Bantoe om hulle sake te behartig.

Die N.P. het reeds gevorder op hierdie lang en moeisame weg. Dit kan egter veel vinniger geskied en daarom is die kieser se plig om hom in staat te stel om sy volle aandag hieraan te wy. Kritiek teen die N.P. is daar wel, maar 'n onwillige kieserskorps bly een van die groot stremminge in die uitvoering van die beleid.

Die H.N.P. het in die afgelope tyd veral gekonsentreer op die nie-uitvoering van hierdie beleid. Ongelukkig het hierdie party nie sy kragte gewy aan die voorlegging aan die kiesers van 'n meesterplan vir die opbou van die tuislande nie, maar hiperkrities gewys op die mislukkings van die tuislandbeleid.

Onbillike vergelykings tussen geld wat aan die nie-blankes bestee word en die ekonomiese posisie van die blankes is ook moeilik te rym met die opofferings wat afsonderlike ontwikkeling sal verg, afgesien van watter party dit wél deurvoer. Deur hierdie roekelose en onverantwoordelike optrede word toenemend 'n klimaat geskep waardeur die uitvoering van o n s voogdyskapsbeginsel steeds moeiliker word. Daardeur word die handves van die H.N.P. (sy Calvinistiese Konstitusie moet verwelkom word) miskén en geweld aangedoen.

Daar word ook met vers en kapittel gewys op die sg. „afwykings" van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Die vraag ontstaan onwillekeurig of hierdie persone al ooit vir hulleself uitgemaak het wat die toestand sal wees as hierdie beleid deurgevoer word. In plek daarvan word die verlede tot 'n kritieklose norm verhef waaraan die dade van die hede en die toekoms gemeet word.

Tevergeefs word gesoek na 'n duidelike toekomsplan of visie in die H.N.P. se handves of mondstukke. Daarom kan hierdie party nie aanvaar word nie.

# 'N PUK VERTEL VAN SY EUROPESE TOER

**HENNIE DE VILLIERS, tokkelok van Heimat, het die afgelope vakansie op eie houtjie 'n uitgebreide toer oor groot dele van Europa aangedurf. Van sy ervaringe vertel hy as volg:**

Daar is byna geen stadjie in Duitsland of Oostenryk wat sy sout werd is, wat nie sy eie universiteit(e) of hoër onderwysinrigtinge het nie.

Op elkeen van hierdie plekke vind 'n mens 'n hele paar „verbindingshuise". In so 'n huis bly die aktiewe lede van 'n korporasie of „Burschenschaft", d.i. dié lede wat nog studeer en aktief deelneem aan die amptelike aktiwiteite van sy korporasie. Dit sluit alles in wat aan Duitse studentewees sy romantiek verleen het deur die eeue. Die huise is deur studente vir hulself ontwerp en laat bou, met geld wat deur jare van oud-lede ontvang word.

### MEDITEER OF SING

Akademiese en politieke besprekinge word gereeld gehou en so tussendeur vind 'n mens altyd 'n paar studente wat om 'n biertjie sit en mediteer of sing soos een man, uit volle bors. Staptoere en ski-programme is glad nie uitgesluit nie.

Die spil waarom alles draai is egter die akademiese geveg — die skerpgeveg, iets soos 'n swaardgeveg — 'n sakie wat mannemoed verg. Met die verloop van die jare het die styl so verfyn dat ernstige verwonding buite die kwessie is.

Die skerpgeveg is geen „rough-and-tumble" nie! 'n Professionele afrigter besoek die verbindings van een stad daagliks, gee afrigting, en slegs hy besluit wanneer iemand gereed is om skerp te veg. Hy plaas dan mense van gelyke lengte en vermoëns teenmekaar. Lede van dieselfde verbinding veg nooit teen mekaar nie, want hulle ken mekaar se styl te goed, en so iets is buitendien nie bevorderlik vir die onderlinge gees nie.

Opmerklik is die hegte band wat die skerpgeveg tussen die lede van 'n verbinding smee. Dis my vertel dat dit voel asof jy self daar staan as een van jou vriende moet veg. Dit is 'n gesonde idee daar dit geen kompetisie om punte is nie. Die idee is om jou staal te toon en jou man te staan vir jou kleure en korporasie. Dis nie slegs vir groot, sterk, atletiese tipes nie: 'n mens verbaas jou vir die vasberadenheid en gees wat klein, maer en skynbaar hulpelose mense in die geveg aan die dag lê — en baiemaal die beste daarvan afkom!

'n Verbinding neem nie vrywilligers in nie, want hulle besluit wie hulle daar wil hê. Voornemende lede word dus goed uitgevra en dopgehou. So word die nasionalistiese karakter van hierdie bewegings behou, wat ontstaan het in die dae toe Napoleon en later Metternich die Duitse staatjie bedreig het.

'n Groot jammerte is dat die toeloop van studente na die verbindinge so sterk afneem. In hierdie tyd van verfyndheid en „vryheid" word die nut van die verbindinge nie meer ingesien nie.

# Uit die Woord

## RIG DIE OOG NA GOD

*Hand. 7 : 55: „Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou..."*

*Neervallende klippe en 'n naderende dood is nie genoeg om menseoë van die aarde af te trek en opwaarts na die hemel te laat kyk nie. Tog kyk sommiges by hul sterwe, na die hemel, nadat hulle deur hul lewe die oë slegs op die aarde gehou het. Maar dit geluk nie.*

*Om die oë na die hemel te kan ophef, is meer nodig as 'n wegsinkende aarde. Die Heilige Gees moet ook daar wees. Die Heilige Gees is die geheim van die Hemelvaart.*

*Dit is ook die geheim by Stefanus. Sonder die Heilige Gees sou dit hom nie gehelp het om na bo te kyk nie. Dan sou hy slegs maar sy moordenaars om hom gesien het. Dan sou hy die donker afgronde van die dood gesien het.*

*Maar nou kyk Stefanus as 'n gelowige. Hy is vol van die Heilige Gees. Daarom kan hy binne-in die hemel in kyk. Daarom sien hy nie meer sy vyande rondom hom raak nie. Sy oog is gerig op sy Redder en sy God.*

*Daarom het hy geen vrees vir die dood nie. Hy aanskou die Hoogste Regter, terwyl die aardse regters woedend om hom tier. Vir hom is die dood slegs 'n deurgang tot die ewige lewe.*

*Dit is die genade wat ons ook ontvang. Deur die Heilige Gees kan ons ook ons oë gerig hou op die hemel. Christus het hierdie weg vir ons geopen. Hy is onskuldig veroordeel deur die aardse regter Pilatus, sodat ons, wat skuldig is aan die sonde, onskuldig geag mag word voor die Hoogste Regter.*

*Daarom: al voel dit of ons nie kan loskom uit die nood en die ellende van die wêreld nie, daar is nog altyd vir ons 'n weg oop; ons kan tot God bid. Hierdie weg kan nooit vir ons gesluit word nie. Hy is onse Vader, Hy sluimer of slaap nie.*

*Laat ons dus deur alles, ja selfs tussen die neervallende klippe heen, die oog gerig hou op die hemel, op God vanwaar ons enigste hulp sal kom.* R.A.

Vir volledig-beplande versekering raadpleeg die Adviseur van
RENTMEESTER
* Sodoende skep u Volkome Gemoedsrus;
* Gee Rekenskap van u Rentmeesterskap;
* en ondersteun u eie Versekeringsmaatskappy.
Rentmeester
RENTMEESTER VERSEKERAARS BEPERK
Hoofkantoor: Rentmeestergebou, Bosmanstraat 210
Telefoun: 3-1258, PRETORIA
Ons is die amptelike versekeraars van die Stigting Dirkie Uys

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

CACHET APTEEK
DIE STUDENTE-APTEEK
Agente vir:
REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPERPARATE
TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS
Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens
FOON 4201
TOMSTRAAT 92.
Groot genoeg om te bedien — Klein genoeg om u te ken.

# DIE GEESDRIF LOOP HOOG VIR STEMDAG 22 APRIL

**DIE MEERDERHEID van die Pukke gaan nasionaal stem. By baie studente is daar ook entoesiasme vir die nuwe opposisie-party, die H.N.P. en oor die algemeen is die studente baie geesdriftig om te gaan stem. Vir baie is dit die eerste keer dat hulle gaan kruisie-trek.**

Dis 'n groot indaba dié en dit doen baie aan die nuwe stemgeregtigdes se selfversekering. Vir baie van hulle beteken dit dat hulle groot genoeg is om in die sitkamer toegelaat te word.

Vir die ondersteuners van die Nasionale Party is dit belangrik dat hulle gaan stem. Dit sal vir hulle die stempel van goedkeuring wees op die beleid van 'n party wat ons suksesvol deur ons moeilike en ons glorierykste dae gedra het. Dit is ook die versekeringspolis vir môre wat vir ons as studente baie belangrik is.

„Vir ons is dit 'n uitgemaakte saak dat ons nie kan terugdraai nie. Ons land se internasionaal-strategiese rol, ons ekonomiese vermoë om hierdie rol te speel, maak ons huidige regering se beleid vir hulle belangrik en noodsaaklik", meen die Nattes.

Die H.N.P.-mense is net so gretig om te stem. Hulle besef dat hulle oorwinning in hierdie verkiesing beperk sal wees tot 'n paar setels. Aan die ander kant twyfel hulle nie dat hul party van krag tot krag sal gaan nie. Die studente van die H.N.P. gaan op stemdag na die stembus omdat hulle deur hulle party wil bydra tot die beveiliging van blanke belange in Suid-Afrika, tot die behoud van ons Afrikaner-identiteit, tot die instandhouding van ons beginsels teen toenemende druk van buite.

Die neutrales is daar ook. Hulle voel geen morele verpligting om te stem nie. „Wat kan ek as individu teen die massa maak, ons stelsel is 'n klug ... ek is tevrede; ek my meisie en ons Volkswagen. Die politiek is 'n kat- en muisspeletjie en soos krieket raak dit soms vervelig vir die toeskouer ..."

## „Dis tyd dat daar weer 'n goeie opposisie kom"

**DIT KAN NOGAL 'n probleem oplewer, so 'n meningsopname onder die Pukke. As jy 'n man vra vir watter party hy gaan stem is hy op sy hoede. Vra vir hom of jy sy naam mag publiseer, en hy neem onmiddellik aan jy's van die veiligheidspolisie of die Engelse pers. Kom by die motiewe en hy's óf briesend (En wat het dit met jou te doen, huh?) òf hy's piepbang (Van watter koerant het jy gesê is jy?). As jy die gordyn laat sak met 'n paar algemene kennisvrae oor die huidige politieke situasie, grinnik hy: „Man maar Atties '70 se vasvra is mos al verby of hoe?" So gaan dit ...**

Tog, die Pukke is nie jabroers nie. Hulle weet wat hulle wil en waarom hulle dit wil.

*Magriet Wijnja*, L.U.D.B. I gaan vir die H.N.P. stem. Sy 't niks teen die regering nie. Sy sal net wil sien dat die regering hulle beleid so 'n slag weer afstof. „Kyk nou na die sportbeleid. Ons het wraggies nie geweet of ons kom of gaan nie. Nee a, dis tyd dat ons regering weer 'n sterk opposisie het. Maar om so ver as die Progressiewe Party te gaan, nee ..."

*Nico Lichthelm*, B.A. (prop.) III: Hy gaan vir die N.P. stem. Nee, hy's doodseker. Die stemdag sal hom by die stembus sien. Dis tog die enigste party wat 'n beleid het?

Die party hanteer al die kernvrae, met insig en oorleg. Nee, dis my party dié.

*Annelize Coetzee*, B.A. II: Sy gaan N.P. stem. „Reg? Hulle is nie sonder gebreke nie, maar hulle is tog die naaste aan 'n rasionale en bowenal werkende oplossing van ons land se talle probleme en vraagstukke. Hulle het immers bewys hulle kan en hulle wil en hulle sal ..."

En hier is nog 'n eerstejaartjie. Sy wil nie haar naam noem nie en is nog nie stemgeregtig nie. Maar as haar tyd kom, sal sy gaan stem. Beslis ja. Maar sy sal haar nie deur tradisie laat bind nie. Sy sal stem vir watter party op daardie stadium ook al die land se belange die beste kan behartig. Op die oomblik? Nee, sy reken die N.P. het hul slag bewys.

*Tobbie Klopper*, B.Com. I: „Ek gaan V.P. stem. Nee, dit het niks met tradisie te doen nie. Hulle beleid is my idee van die regte, sien.

## Regstudente trotseer reën, berge en ruwe kus

**VIER VAN DIE P.U. se regstudente het die pas afgelope vakansie vir hul derde staptoer die Tsitsikama kusstrook gaan aandurf. Die vier is Louis Vorster (Ll.B.), Niek Grobler (Ll.B.), Gerrit Grobler (Ll.B.) en Flip Dwinger (B.Jur. et Art II). Op al drie die toere is Nielen Conradie, 'n vriend van die groep, in die dorp, ook deur al die lief en leed van nat slaapsakke, berge uitklim en poeierkos.**

Op die afgelope toer het 'n vroeëre dosent aan die Regsfakulteit en tans prof. op U.P.E., Prof Frik van Zyl, die groep meegedoen vir 'n paar meedoënlose dae.

### FILOSOFIESE TERME

Die groep het vanaf Plettenbergbaai tot op Stormsriviermond deur ruie natuurlike bosse, hoë kranse en steil berge soms met die hulp van nylon toue, hulle weg gebaan. Die eerste twee dae was gekenmerk deur 'n sterk wind en gietende reën. Daarna was dit weer die modder en nat slaapsakke maar op geen stadium het enigeen terugverlang huistoe nie: veel eerder is daar met groot omhaal van filosofiese terme krities verwys na die betrokke situasie en is die konklusie elke keer gemaak dat dit nog beter is as die akademie.

Elke lid van die groep is dit eens dat dit die rofste stuk aarde langs die kus is om vir 'n staptoer te gebruik. Die manne het darem al vorige ondervinding wat baie in hulle guns getel het. In April 1968 het dieselfde groep gestap vanaf Keimond tot Port St Johns, so na moontlik aan die strand self. In April 1969 het hulle weer vanaf Port Edward na Port St. Johns gestap wat op sigself 'n rowwe terrein is waar daar slegs op die begin en eindpunt blankes gesien is.

Die groep het groot gegaan op fotografie en besit nou reeds, oor die 200 skyfies en baie fotos om hul te herinner aan die goeie ou dae.

### SLANGE EN SPINNEKOPPE

Waarom hulle stap? Net om weg te kom van die beskawing en in stilte die grootsheid van die natuur in sy ongesteurde vorm te betree en te bewonder.

„Ons weet dat baie mense dink dat ons mal is om so ver, vir so 'n lang tydperk, met 'n rugsak van 40 pond, tussen giftige slange en spinnekoppe, diep riviere en nou krans lyste, met net die nodige voorraad te stap, maar vir die avontuur daarvan; dit wat die natuur self teruggee in die vorm van sonnige dae en mooi tonele, sal enigiemand wat eenmaal so gestap het, dit weer doen", het een van hierdie wandelaars opgemerk.

## Nee Pukke! nie so nie

Agge nee, Pukke. Ons is teleurgesteld. Sover is ons tog nie van die naaste grootpad af nie? Benewens pepermentroomyse en appelsap verkoop die kafees op die Bult ook koerante, weet julle? Die koerante wat in stapels in die biblioteek lê en ook dié in die Sentrum vir Internasionale Politiek smeek om gelees te word. En elke uur om die halfuur op Radio Hoëveld is daar vyf minute waarin daar nuus gelees word. As jou smaak geslyp is, kan jy miskien nog die Afrikaanse diens se Sake van die dag ook bybring ...

Die afgelope week het ons algemene kennisvrae oor die huidige politieke situasie gevra en was ons verbasing groot. Die intellektuele bolaag van die volk ... v-e-r-s-k-r-i-k-l-i-k. Om te dink die leiers van die toekoms gaan uit julle generasie na vore tree.

Ek vra wat weet hy van ons regering se sportbeleid. Dit gaan goed. Hy onthou vir Arthur Ashe en die Maoris. So ja, en watter kiesafdelings is grensgevalle, is almal in die skaakmat? Hmm ... sy kon sweer sy weet, dis op haar tong, maar ai of sy kan weet, verniet ... Die arbeidsbeleid van die vier verskillende partye? Skat, is dit nie in 1929 afgehandel nie ...? Watter kiesafdeling verteenwoordig Albert Hertzog? Nee, dis nie Berea in Durban nie ...

Wat weet jy van die beleid van die Progressiewe Party? Helen Suzman woon in Houghton, maar die beleid nie ... Watter kandidate staan vir Benoni? Og dankie, ons is nader tuis. Party weet selfs (sug) ...

Nee Pukke, dis nie mooi nie ... Ons is tog mense met 'n verantwoordelikheidsin, dan nie? Ons het tog as erfgename van die demokrasie hierdie voorreg om 'n aandeel in die regering van ons land te hê? Ons het die reg om informasie te bekom, kritiek uit te spreek. Wat daardie informasie betref, is ons as studente in 'n bevoorregte posisie. Kom ons gebruik dit.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ PLATE

by

PRO REGE - PERS BEPERK

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.



Al's is beter met groot, groot Coke

Coca-Cola HANDELSMERK GEREG.

BESPAAR! MET GROOT KING SIZE!

Gebottel onder magtiging van The Coca-Cola Company deur:

SUNCRUSH

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief ..."

GEBAK DEUR

Turkstra BAKKERY

ook te kry by u kafeteria

# 'n Unieke karnaval wag om die draai

**DUISENDE LIGGIES, vrolike Duitse musiek, die mistieke atmosfeer van 'n towenaar in 'n tent, kole wat knetter en tien skape wat sis aan die spit — daarbenewens duisende gemaskerde studente met bekers vol b.. (ekskuus) koffie. Hierdie gemaskerde braaivleis is maar een van die nuwes van die komende karnaval.**

Die Pukke het rede om vrolik te wees. Benewens die toetse wat om die draai lê (waaraan niemand hulle buitendien steur nie), wag daar 'n lieflike karnaval.

Die konserte beloof om uitmuntend te wees hierdie jaar. Kunstenaars van oor die Republiek is genooi om op te tree en na verneem word het die meeste van hulle positief geantwoord. Onder dié wat optree is o.a. Groep Twee, Bob Borowsky, en Doris Brasch, *lief* Min Shaw en Lance James, Die Ambassadeurskoor, Nico Carstens en sy grapmakers en in alle waarskynlikheid, die Staccato's.

**Proklamasie**

Die Donderdagmiddag word die karnaval „amptelik" geopen. Die rektor sal 'n karnavalproklamasie aflees waarin o.a. die klasse en toetse verbied word. 'n Deftige koetsie sal hoogwaardigheidsbekleërs soos die burgemeesters van Potchefstroom en Tarentaal na die verrigtinge vervoer. By die geleentheid sal 'n karnaval- en universiteitsvlag gehys word. 'n Saluut van die leër sal die ou sakie beklink.

Ons stap aan na die kampusjoligheid — hoor hier — *hier* sal die vonke spat. Daar is weer verskeie kompetisies — die mans moet maar solank oefen om bier te drink en om duisendes tegelyk in die bed te klim. 'n Lugvertoning — Cessnavliegtuie wat in formasie vlieg en teikenvalskermspronge... hoe's daai?

Vir die dames die tradisionele modeparade *en* in alle waarskynlikheid gaan die mans ook hierdie jaar ietsie te sien hê op hulle modegebied! Dan is daar selfs 'n „foefieslaaid" of soos prof. Herrie dit sou noem: glydraad. Sewentig voet van salige-deur-die-lug-trek, met geen aardse bekommernisse nie.

**Meksikaanse dorpie**

Vir die knaende eters, sal die Meksikaanse dorpie wel voorsiening maak. Stalletjies gaan op skouspelagtige wyse versier wees. Hier sal ook interessante vermaak wees.

Die sierwaens beloof om hierdie jaar van 'n baie hoogstaande gehalte te wees, aangesien die tema, Geheime Wapen hom leen tot baie oorspronklikheid. Daarbenewens sal meer vlotte rêrig byval vind. Die vlotoptog word gesien as die hoogtepunt vanjaar. Maar dan... hmmm... kaas en wyn! 'n Prestige-afsluiting met glasies wat klink en mooi rokkies, maar geen alleenlopers nie — slegs paartjies. Begin maar solank sente opsy skuif. Kaartjies sal eersdaags verkoop word teen R1.50 per paar.

# AGTERSTALLIGE LESINGS WORD NIE MEER AFGESKRYF

**DIE PUK raak deesdae al te modern en gemeganiseerd. Die studente hoef selfs nie meer op die ou manier lesings in te haal wat hulle „gebunk" het nie!**

As jy oploop met die biblioteektrappies, val jou oog onmiddellik op 'n masjien wat die spoed waarmee die jeug die trappies bestyg het, onmiddellik laat verminder. Wat meer verbasend is, is dat daar tydig en ontydig 'n jongeling diepnadenkend oor die masjien leun en dit met vyfsent stukke voer. Dié word gretig ingeneem, en siedaar wat kry die student terug! 'n Lieflike fotokopie van wat jy ook al wil!

Dit is klaarblyklik vir die studente se gerief daar gestel, en hierdie **besondere** gerief word baie waardeer, hoewel dit ietwat duur uitkom. As die geliefde vriend wat wel die tien-voor agt of tien oor vyf lesing „bygewoon" het ietwat groot skryf, kos dit vir Jan of Annie wat „weens onvermydelike omstandighede" nie daar kon wees nie, al te duur om klasse te „bunk" en die lesings op hierdie **besondere** manier in te haal. Met karnaval en intervarsity sal meneer die Masjien definitief sy „steps" moet ken en genoeë moet neem met al die oortyd werk. Alle reserwe stamina sal dan tog te vrugbaar gebruik word.

## Stemme uit die Suide:

# 'n Vervelige teleurstelling

**DIE SANGGROEP „Stemme van die Suide" het op Saterdagaand 11 April die Puk besoek. Hierdie totaal onbekende groep se aanbieding het bestaan uit 'n bykans deurlopende musiekprogram, met 'n eenvormige karakter. Ses damestemme is gebruik terwyl die mans instrumente bespeel het.**

Die spesifieke tema van die uitvoering, wat met groot nadruk aan die klein gehoor oorgedra is, het tot gevolg gehad dat die liedjies almal in dieselfde trant was. Dit was bra vervelig om 'n hele aand na dieselfde soort liedjies te luister, waarvan die verwerkings nie besonder smaakvol was nie. Met uitsondering van Wolraad Woltemade was al die „tema-liedjies" onoorspronklik en was die aanbieding oordoen en vol fieterjasies.

Wat veral steurend was, was die Sonskyn Susters-kwaliteit van die damestemme as agtergrond.

Die enigste ligpunte was 'n fyn aanbieding van vier inboorlingliedjies uit Afrika en 'n kitaarsolo deur Ian Hutton, wat saam met Danie Gerber die musiekverwerkings doen. Verdere afwisseling is verskaf deur 'n paar bekende Afrikaanse liedjies. Hoe lekker was dit nie om ontspanne te luister na Die ballade van Koos Smit sonder die remmende invloed van die tema nie.

Die gedig wat ingesluit is, het miskien die tema verduidelik maar was bowendien die helfte onhoorbaar as gevolg van 'n te harde begeleiding.

Die soliste het hul oor die algemeen goed van hul taak gekwyt. Dit was veral rooikop Hamish Scott en die bekoorlike Molly Minnie wat met hulle natuurlike en beskeie optrede die meeste bekoor het.

Oor die algemeen was die uitvoering wat deur die A.B.K.K. hierheen gebring is, teleurstellend. Wat 'n aand se aangename ligte ontspanning kon gewees het, het op 'n bra vervelige teleurstelling uitgeloop.


DIT IS DIE SNIT WAT TEL...



- Alba broeke
- Alba pakke
- Monatic hemde
- Battersby hoede
- Gregory sokkies

**TOD SUTTIE'S**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

Posbus 219 — Kerkstraat 177 Tel. 3411

POTCHEFSTROOM


# *Uit die* POSSAK

## MOTOREIENAAR KAP TERUG

Geagte Redakteur,

Ai, dat in die verligte eeu nog sulke snert kan verskyn. Neem bv. die beriggie in Die Wapad onder die opskrif „Manlike Motoreienaars is onhoflik."

Het die betoger teen alle manlike motoreienaars haar al in 'n man se posisie geplaas? Hier ry jy, en uit hoflikheid wil jy 'n dame oplaai. Die wat jou goed ken is gewillig dat jy jou ontferm oor hulle seer voete, maar die onbekendes!!!! Hier lê die knoop. Ewe vriendelik bied jy jou hulp aan en wat kry jy? As dit nie 'n uiters vuil kyk in jou rigting is, sonder om eers te groet nie, so 'n kyk van gaan-weg-jou-wolf, dan is dit 'n uiters flou verskoning van „ek loop graag vir oefening of my bestemming is net om die draai."

Nadat dit 'n paar keer met jou gebeur het, wil jy nie meer die moeite doen om 'n dame op te laai nie, want jy is bewus daarvan dat die dameskoshuise 'n uiters doeltreffende kortgolfdiens het wat jou baie gou brandmerk as 'n wolf in skaapsklere.

Miskien is daar 'n paar wat jou gebaar sal waardeer, maar ongelukkig moet hulle nou voetseer kry onder die houding wat 90% van die dames openbaar. Probeer liewer, liewe betoger, en voetseer bokkie, om oortuigingswerk onder jou eie kudde te doen. Dan sal ons mekaar baie beter verstaan en behulpsaam wees.

Nog 'n manlike motorryer.

## DIT WAS DAN MENSVERHEERLIKING

Geagte Redakteur,

Gedagtig aan die hoë standaard van musiek-aanbiedings op die Puk, het ek my Saterdagaand met goeie moed en baie nuuskierig na die „Stemme van die Suide" begewe. Dié groep en die organisasie waaronder hulle val; Suide kommunikasie, is my totaal onbekend.

Na ek verneem was ons eie A.B.K.K. verantwoordelik vir die aand-van-mensverheerliking wat ons moes aanhoor en deursit! Oor die musiek sê ek niks, maar dit was nie eens genoeg om die onaanvaarbare tema verteerbaar te maak nie.

Uit die mond van een van die lede verneem ek toe dat, die „Stemme" se tema dieselfde is as die oorspronklike organisasie in Amerika nl. „Up With People".

Uit hulle liedjies was dit baie gou duidelik dat hier werklik gesing word van „great man and great woman" waarin 'n „vonkie van God" oorgebly het. 'n Mens wie se „voetspore op die Maan weer nuwe hoop bring in 'n wêreld wat te klein word om die mens se gees te omgord," met die hoop op iets soos 'n aardse paradys.

Hierdie kant toe of daardie kant toe — die Puk is nie die plek vir so 'n aanbieding nie!

Kunsliefhebber.

## TEATER VOED STUDENTE OP

„SAL ons moet wag vir 'n omstrede drama wat net soos ons prosa ons uit die slaap moet wakker maak?" het prof. T. Botha tydens sy inougurele rede verlede Vrydag gevra.

In sy rede oor die opvoedkundige teater het hy die ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse styl in die drama bepleit. Daar is te veel invloed van buite. Vir die Afrikaner het teaterbesoek nog nie 'n gewoonte en status geword nie.

Die opvoedkundige teater kom voor aan skole, kolleges en universiteite. In S.A. is dit nog 'n nuwe ontwikkeling en ons is die V.S.A. nog ver agter. Die opvoedkundige teater stel hom nie, soos die toneelskool, net ten doel om akteurs en tegnici op te lei nie, maar poog ook om van die student 'n opgevoede, kundige wese te maak wat teater kan waardeer.

Prof. Botha, die eerste professor in die departement Spraakleer en drama, het gesê dat dié departement homself op hoogte hou van wat aangaan op teatergebied in die wêreld. „Ons verwerp nie sommer nie, maar sal ook nie sonder voorbehoud aanvaar nie.

# Die lakses en té volwassenes hou ook karnaval

MENIGE Puk voel seker die behoefte om 'n traantjie weg te pink... die vakansie is dan verby! Met hartseer word daar miskien gedink aan 'n sleep of 'n ding wat deur baie myle van Potch geskei is, of aan voetstappe wat nog vars aan die goue strande van ons kus lê. Maar toemaar Pukke „cheer up", net om die draai wag Karnaval en wat 'n grootse karnaval gaan ons nie hê nie. Maar ek wil nie hier vir Karnaval reklame maak nie, kom ons besin ons oor die mense wat karnaval gaan hou. Moenie skeef opkyk nie, studente is ook mos mense, of...? Laat ons eers die verskillende groepe ontleed, en dan soek jy jouself geagte leser, tussen die lyne.

Ons begin by die siniese groepie — of vorm hulle 'n redelike groot deel van die studente gemeenskap? Die groep wat dink hulle is te volwasse — arme skepsels! Wat die kinders maar laat begaan — hulle het nie meer lus vir sulke lawwighede nie — buitendien, karnaval is 'n bietjie afgesaag, bietjie „stupid" of kom ons sê oudmodies.

Dan kry mens dié, wat sommer net in niks belangstel nie — laat Gods water oor Gods akker loop. Hulle noem ek die lakses — parasiete. Maar kom op hulle tuisdorp en betrap meneer of juffrou in 'n geselskap — dán het hulle karnaval gehou en hulle het dit of dat gedoen ens...

Dan is daar die seksie wat huis toe gaan — want karnaval? Ag nou ja — hulle dans nie eers nie. Wat hierdie ou seksie vergeet is dat hulle hul lewe lank kan dans, maar dat hulle hoogstens 4 tot 7 jaar (tokkelokke) 'n student is wat kan karnaval hou en mal gaan!

Nou kom ons nader aan die ware student, maar nog nie 100% nie. Daar is die wat bereid is om te gaan kyk — maar deelneem? Aikona. Waarvoor het daar dan 700 eerstejaars ingeskryf?

Die wat kwaad is vir hierdie uitlatings, het hulself maar net herken as lakse studente. Die wat lag daaroor, sal bes moontlik karnaval geniet.


Geniet

**WILLARDS-SKYFIES**

Asook

**KAASKRULLE, FLINGS, SPRINGMIELIES, en GRONDBONE**

# OOR DIE ONDERDEUR

JA en so gaan dit. As daar nou 'n ding is wat kan vlieg op hierdie aarde van ons, dan is dit tyd. Mens hou skaars vakansie, en dan sit jy alweer ewe gedwee op die trein noordwaarts.

Hierdie nuwe kwartaal het maar taamlik dol begin. Ek het amper vergeet om al hierdie skinderbrokkies op skrif te stel — en wat 'n skade der skade sou dit nie wees nie?

Voordat ek vier velle vol nonsens verkoop en weer vergeet om iets van belang neer te skryf **sê ek** maar liewer dadelik my sê. Iets wat nie deur die gewone oog misgekyk kan word nie, is die vonkelende oë van **Nico Botha** en **Magriet Barry.** Ek moet erken, beide van hulle het nogal rede om vonkelende oë te hê. Dan het die vakansie 'n interessante verlowing uitgebroei. **Janette Coetzee** en **Pierre Jacobs** het oorgegaan tot die eerste stap: verloof. Die twee beplan net finansies om die tweede stap so gou as moontlik te kan voltrek.

**Marietjie Coetzer** en **Vos Myburg** wonder of agt maande sleep nie lank genoeg is vir 'n verlowing nie. Haar vinger brand daarvoor, maar as my naam nou Anna Malan was, sou ek sê: liewe vriendin wag nog 'n bietjie.

As julle mooi onthou, sal dit julle byval dat **Faans Kruger** en **Trudie van Heiningen** 'n lang ruk terug uit was. Intussen het die lym weer klam geraak (eintlik al 'n hele ruk terug) en glo my, dis nie van plan om weer los te trek nie!

Hierdie lostrek laat my dink aan 'n versoolde band. En 'n band laat my dink aan 'n trekker. En 'n trekker laat my dink aan 'n plaas. En 'n plaas laat my dink aan die landboukollege waar **Amanda Strydom** se **Riaan** is.

**Wilma de Groot** en **Theuns** of te wel **Sampie**, sit tog **alte** naby aanmekaar in die vergaderings. Daar moet iets meer wees as net vriendskap. **Dries de Bruyn** en **Mollie Buys** sleep al 24 halfmaande — baie geluk. Ek hou duimvas vir nog 24 jaar, ten minste. **Tom Bissett** en sy **Tilla** sal met graagte hierdie rekord ewenaar.

**Monica Steenkamp** sien weer kans vir die lewe na die vakansie. **Winfred Bosch** het die lewe sy kleur terug besorg.

Yea vir Uitspan! Benewens die feit dat hulle mooi kan sing, spog hulle met 'n groot verlowing. Hulle primarius het tot die blink stap oorgegaan. **Magda Pearson** van Pote is die gelukkige meisie.

Ek het julle mos gesê dit gaan kom. En hoewel ek bietjie verbaas was oor die snelle „gebeur" daarvan, is **Anri Myburgh** en **Abri le Roux** nietemin verloof.

**Bets de Jager** is so lief vir die Vrystaatse vlaktes — **Albert Froneman** van Tuks se pa is mos daar die administrateur — nou nie dat sy na die pa vry nie... **Jacques Swart** en sy **Betsie**, van Heide, en **Wilma van Rensburg** en **Tom Bischoff** is twee paartjies wat... ag nou weet ek nie meer wat ek wou sê nie.

In ieder geval, hulle is sommer net oulik vir my.

Ten slotte, as julle nie jul name hier wil sien nie sleep dan sò dat ek julle nie kan sien nie. Onthou sleep impliseer nie net die wat vassleep nie; ek bespeur die lekker ou losbolle ook! O ja, intussen hou ons karnaval... ek wonder wat gaan dit oplewer wat betref die slepery?

Tot vandag dan oor twee weke.

## Collegium Musicum


DIE Collegium Musicum hou op Saterdagaand 18 April om 8 nm. 'n Beethovenaand in die Konservatoriumsaal. Klaviermusiek vir twee klaviere sal voorgedra word sowel as musiek vir fluit, fagot en klavier. Die toegang is 30c.

## VERKIES

**Prof. P. A. J. Ryke is verkies tot voorsitter van die Afrikaanse Kultuurraad van Potchefstroom.**

**DIE BULT DROOGSKOONMAKERS**
**Spesiale diens**
**Voor 12 vm. dieselfde dag**
Kollektante in koshuise

## INGEHULDIG



**Prof. P. B. Ackermann,** hoof van die departement geologie, is onlangs ingehuldig as President van die Geologiese Vereniging in Suid-Afrika.

## MEV. BINGLE

**Mev. Santjie Bingle,** eggenote van die rektor, se toestand het in so 'n mate verbeter, dat sy waarskynlik binne twee weke die hospitaal sal kan verlaat. Sy is nog swak, maar volgens die medici, sterk sy tog na wense **aan.**

# DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

DIE tweede kwartaal is reeds besig om voort te gaan en daar is talle bakens in sig — bakens wat behoort te reflekteer. Ek dink aan welwillendheidsbesoeke en so meer. Goed begin, sê die spreekwoord, is half gewin.

Nie meer te ver in die toekoms nie, is die karnaval en dadelik maak 'n teer gevoel hom van my meester. Ek voel ondeurgrondelik hartseer: gaan die dorpstudente weer 'n poging tot vlotbou aanwend? Almal hou asem op...

Die regstudente en die aptekers bou almal vlotte, nou wonder ek: gaan die teologiese studente weer vanjaar verstrik in hulle anonimiteit en skitter in hulle afwesigheid? En wat van die sogenaamde ekonomiese studentevereniging?

Gaan die stalletjies weer vanjaar die indruk skep van 'n plattelandse juniorhoërskool se kermis, of het die S.K.K. iets in hulle mou? Die beoogde konserte klink veelbelowend.

Dit blyk dat daar tog enkelinge is wat hierdie rubriek lees, selfs ook 'n paar dames. Ek het onder die indruk verkeer dat dames selde iets anders as fotoverhale lees, maar die verrassende teendeel blyk duidelik. Baie geluk aan die **twee** dames waarvan ek weet, met hulle maksi/midirokke. Wanneer volg die res?

'n Woordeboek definieer **voedsel** soos volg: „wat tot voeding dien; kos; spys: versterkende kragtige voedsel." Ek soek nou na 'n woordeboek wat die materiedeeltjies wat in skottels in die sentrale eetsaal bedien word, sal definieer. Ek sidder by gedagte aan die definisiemoontlikhede wat dit oplewer. Altyd het ek gewonder waarom die mense wat oorkant die spoor bly so bleek lyk. Nou weet ek en ek neem hulle nie kwalik nie.

**G. C. LOOCK**
**KLEREMAKER**
**KERKSTRAAT**

**GEE 'N MAN 'N LUCKY!**




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

# KUNSTEATER SAL PLAASLIKE TALENT AANSPOOR

**'N DROOM wat al baie lank in Potchefstroom gekoester word, gaan bewaarheid word. Potchefstroom gaan sy eie teater kry. 'n Gebeurtenis wat elke kunsliefhebber wat al sy nek in die Totiussaal moes verkramp, sal waardeer.**

Hierdeur sal nie net die plaaslike talent, soos die Simfonieorkes en ook Alabama die geleentheid hê om hul kuns onder ideale omstandighede aan te bied nie, maar sal die kanse ook groter wees om besoekende kunstenaars te huisves.

Die stadsraad het Woensdag 1 April die aanbeveling van die Bestuurskomitee, dat voortgegaan word met die beplanning en bou van die teater, goedgekeur.

Volgens prof. H. L. Swanepoel, voorsitter van die komitee, is die beraamde koste R900 000. Hiervan het die stadsraad R150 000 beloof terwyl die Administrasie tot 'n maksimum van R300 000 sal bydra.

Die teater sal volgens die A-klas vereistes van die Administrateur gebou word. Daar word vir 750 sitplekke voorsiening gemaak, asook kleedkamers, pakkamers vir kostuums en die belangrikste; n draaiverhoog.

Die beplanning word deur 'n argiteksfirma van Pretoria gedoen en mnr. Hans Botha, 'n deskundige op hierdie gebied sal in beheer van die projek wees. 'n Geskikte terrein sal so gou as moontlik aangewys word.



Die Alabama-groep tydens die verfilming van Banana Beach. Die film word in Juliemaand vrygestel.

# *Perkamentpraatjies*

## GEDIG IS GEDIG IS GEDIG

„Nog skaars het die son opgegaan oor die vlakte-landskap van ons beskawing en juig ons oor die eerste stamlinge van 'n eie kuns". het D. F. Malherbe vyftig jaar gelede geskryf.

Vandag het daardie eerste stamelinge die meerlettergrepigheid van „desnieteenstaande" en „desnietemin" gekry. Maar ons bly heel beskeie.

Al is ons beskeie, kan ons darem so ver kom om Van Wyk-Louw (ná baie aanmoediging van oorsee) as een van die bestes in die Dietse (let wel, alle ander wêrelddele uitgesluit) letterkunde te beskou.

Maar die nederigheid is nie net 'n laag nie. Ons mense het slim ook geword: die werk van Engelse, Duitse en Nederlandse literatuurteoretici begin lees.

„Wat 'n gloed van verontwaardiging walm daar uit menige eg-Afrikaanse vers van dié tyd; en wat 'n ernstige aanklag het C. P. Hoogenhout geslinger teen die geestelike leidsliedere wat maar tevrede toegesien het hoe die volksiel ondergaan, toe hy skrywe:

„Engels, Engels, alles Engels, Engels wat jy sien en hoor. In ons skole, in ons kerke word ons moedertaal vermoor ... "

Vandag word dit met 'n skromelike miskenning van die „murg en lewe van die Afrikaner soos dit weerklank vind in vers en lied", sommer 'n rympie genoem.

Nou is dit nie meer nodig dat die kunstenaar op die snare van sy lier die „sielsgebrokenheid van 'n kampende en volhardende nasie in sy matelose weë" vertolk nie.

Vandag kan hy skryf waaroor hy wil; word Germanicus as meer aktueel herken as Jan Rabie se Eiland voor Afrika wat handel oor die kleurprobleem.

Ons beweeg uitwaarts en die „egte Afrikaans-nasionale gees wat onverbloem en kragtig in lied en vers" teenwoordig was, word nou vervang deur die swoele lug van Paryse agterbuurtes.

Die gedig word nie meer bepaal deur die nasionale gevoel, die Christelike en/of stigtelike aard van die gedig, die opgeruimde houding of swartgallige geestestoestand van die digter en die „poetiese taal" nie. Die been word nou glad gelek deur kritieke en skole en rigtings wat alles skoonvee sodat net die gedig voor jou staan — selfs volledig ontdaan van alle interessanthede oor die skrywer. Nou is die towenaar in die fles gesit, die gedig word op die werksbank ondersoek.

Die weelde van 'n verduideliking deur middel van 'n voetnota, of 'n reëltjie onder die titel is lankal taboe.

Gedig is gedig is gedig. Dis klaar. En wat jy daaruit kry, sal slegs met swoeg en sweet gaan. Daar moet versigtig gewik en geweeg word en nadat die linguistiese stilistici ál die vleis van die been afgeëet het, mag die literatore die vrug waardeer en sê: dit is 'n goeie gedig of nie.

Ook nie elkeen mag meer aan die binnekant van die gedig krap nie. Jy moet opgeleide werktuigkundige wees — met al die nodige papiere in jou sak.

## „Afspraak met Godot"



'n Repetisiefoto van „Afspraak met Godot", die besprekingsteateraanbieding van die departement spraakleer en drama wat vanaf 18 April tot 2 Mei in die Kleinteater van dié departement aangebied word. Van links na regs verskyn Flip Naudé as Boerpot, Pieter Fourie as Estragon en Peet van Rensburg as Vladimir.

# DRAMA BEELD DIE ANGS EN SINNELOOSHEID VAN DIE LEWE UIT

**DIE DEPARTEMENT Spraakleer en Drama bied vanaf 18 April tot 2 Mei „Waiting for Godot", in Afrikaans „Afspraak met Godot" van Samuel Beckett, as besprekingsteater aan.**

Hierdie vorm van teater is in Suid-Afrika nog ietwat onbekend. Dit kom neer op die bespreking van die drama na die opvoering deur die gehoor.

Die doel daarvan is om die waarde van die drama as letterkundige werk in sy toneelmatige vorm vas te stel. 'n Verdere oogmerk van hierdie besprekingsteater is om vas te stel of 'n drama soos „Afspraak met Godot", wat klassifiseer onder die absurde teater, tuishoort op die Suid-Afrikaanse verhoog.

Die drama is vir die eerstekeer in 1952 op die verhoog van die „Théâtre de Babylone", in Parys opgevoer en word nog steeds beskou as een van die belangrikste teatergebeurtenisse van ons tyd. Vir die eerste keer het 'n drama die gehoor self skaakmat geplaas en die toeskouers absoluut in die war gebring. Die feit is dat die gehoor hier voor sy eie vinde geplaas word — reeds op pad na uitwissing, en is dit 'n gedoemde wêreld wat nog net op sy einde wag.

Hierdie angs en die absurditeit van 'n wêreld volgens Beckett, word verpersoonlik op die verhoog deur twee onvergeetlike karakters; twee boemelaars, Estragon en Vladimir, wat gesels of sommer net voortbestaan, in afwagting op iemand, 'n figuur of iets, Godot. Hierdie Godot', wat hulle nie eens ken nie, beteken hulle toekoms of dalk hulle einde. Die tweede bedryf eindig sonder dat Godot opdaag. Slegs 'n seun wat net soos aan die einde van die eerste bedryf, kom met die boodskap dat meneer Godot nie vandag sal kom nie, maar môre. Hierdie boodskap laat die twee figure in 'n toestand van wanhoop en al wat vir hulle oorbly is om te besluit dat hulle hul môre sal ophang, tensy Godot kom.

**Ten spyte van sy „leegheid" in werklike woordbetekenis is daar tog 'n wrede, selfs skokkende skoonheid in die werk. Geen werk het nog te vore met soveel krag die leegheid van die bestaan van die selfgedoemde, sondige mens en die ydelheid van hul verwagting uitgedruk nie.**

Die dialoog is leeg, maar uiters komies, maar tog ook skrikwekkend pateties. Die taal is hol en repiterend. Maar dit is juis hierdie eienskappe wat die trefkrag van die tema soveel meer vergroot. Om te leef is om tyd om te kry, dit is die sentrale tema.

Wie of wat verwag hierdie twee ellendelinge wat vir Beckett die hele mensdom verteenwoordig? Wag hulle op brood, geluk, vreugde, 'n beter wêreld of dalk op God.

**Dit is hierdie vrae wat die gehoor moet kom oplos, wat bespreek moet word, waaroor daar dalk 50 verskillende interprestasies gaan wees. Miskien sal elkeen in die gehoor na die opvoering vir 'n rukkie stil sit en wonder of dit die misrabele bestaan van die mens is wat die genade nog nie gevind het nie?**

„Afspraak met Godot" word aangebied onder spelleiding van Bet Botha en die rolle word vertolk deur Peet van Rensburg (Vladimir) Pieter Fourie (Estragon) Fanie Lab (Agjo) Flip Naudé (Boerpot) en Tippie Kriel (Die seun).

Toegang geskied slegs op uitnodiging en indien daar belangstelling is om 'n opvoering by te woon, kan geskakel word met die regisseuse by telefoonnommer 3361 uitbreiding 274 of by die departement Drama self. Toegang is kosteloos, en die drama word opgevoer in die Kamertoneel van die Departement Spraakleer en Drama. Pieter Fourie.

# GEWILDE VRYSTAATSE JEUGKOOR BESOEK KLERKSDORP

**DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR wat verlede jaar 'n baie goeie ontvangs in die musiekkringe van Potchefstroom gehad het, besoek Klerksdorp vanaand. Dit sal een van vier uitvoerings in Transvaal wees.**

De koor staan onder leiding van Dirkie de Villiers en Terstegen van Huysteen. Soos vorige jare bestaan die koor uit 60 stemme; 27 seuns en 33 dogters, tussen sestien en agttien jaar.

Sedert die stigting van die koor in 1965 is die hele Republiek en Suidwes-Afrika besoek. Een van die hoogtepunte in die bestaan van die koor was die optrede by die inhuldiging van, president Jim Fouché — ook 'n Vrystater — in die Groote Kerk Kaapstad en op die staatsbanket daarna.

Die gewildheid van die koor blyk duidelik uit die vol sale wat hul uitvoerings trek. Daarby het hulle al by byna al die Afrikaanstalige universiteite opgetree. Hierdie unieke eksperiment het tot gevolg gehad dat soortgelyke kore in Natal en S.W.A. gestig is en eersdaags sal daar ook in die Kaapprovinsie met so 'n koor begin word.

Afgesien daarvan dat daar 'n hele aantal oud-koorlede op die Puk studeer, het die universiteit 'n besondere kontak met die koor gehad. Prof. Pieter die Villiers het in 1966 sy Sewe Boerneef-liedjies spesiaal vierstemmig vir die koor verwerk en persoonlik afgerig en gedirigeer. Dit is ook deur hulle vir die eerste keer opgeneem.

## Hokkiespan wen

DIE PUK se eerste hokkiespan het Saterdag 'n pragtige wedstryd teen Klerksdorp gespeel en gewen met die skitterende telling van 7—0.

Ongelukkig is die tweede span geboikot deurdat hulle teenstanders nie opgedaag het nie.

# KRIEKETSPAN BUIT SATERDAGLIGA

**DIE PUK SE eerste krieketspan het een van sy geslaagste seisoene agter die rug. In die Saterdagliga het hulle 19 punte voor hulle naaste teenstanders geëindig en in die gesamentlike liga goed van hulleself rekenskap gegee.**

Puk het ook in die afgelope seisoen afgereken met sterk spanne soos Wits en Ukovs en tweede geëindig in die S.A. Universiteite-reeks.

Wat die spelers betref het drie Pukke nl. Jos Coetzee, Sias Willemse en Anton Welman vir die S.A. Universiteite se B-span gespeel, terwyl Sias Willemse, Nico Breedt en Philip Schlebusch die Transvaalse plattelandse distrikte span verteenwoordig het. André Laas, Jos Coetzee, Philip Schlebusch en Sias Willemse het Wes-Transvaal verteenwoordig terwyl Mike van der Riet Griekwas se openingskolwer was. Hy kon egter nie daarin slaag om die Wes-Transvaalse span te haal nie, maar daar word nog groot dinge van hom verwag.

In die gesamentlike liga het die Pukke derde na Strathvaal en Stilfontein geëindig. Die Pukke is in hierdie liga eintlik onoorwonne omdat hulle geen wedstryde verloor het nie, maar punte moes afstaan weens onvoltooide wedstryde. Die spanne het uitstekend presteer om so hoog in hierdie liga te eindig aangesien al sy wedstryde op Saterdae beslis is, terwyl Strathvaal en Stilfontein se wedstryde op Saterdae en Sondae beslis is, en hulle dus drie uur langer speeltyd per wedstryd gehad het om 'n uitslag te bereik.

Die Puk se tweede span het ook daarin geslaag om vir die tweede agtereenvolgende jaar die tweede liga te wen.

# Hokkiestandaard hoër

AANGESIEN daar hierdie jaar weer 'n koshuisliga gespeel word, sal die hokkiestandaard van die Puk aansienlik verhoog word. Met die oog hierop het heelwat klubspeelsters 'n hokkiekursus te Pretoria bygewoon.

Hierdie afrigtingskursus het o.l.v. mejj. Emmie Hartman, Beatrice Wiid, Pauline Spruyt, mevv. Rina van Zyl en Elsa Malherbe plaasgevind. 'n Groot aantal studente het hierdie kursus bygewoon, o.a. die hokkiebestuur, ander klubspeelsters en verskeie L.O.-studente.

Daar word 'n beroep gedoen op alle dames om by die klub aan te sluit en sodoende hulle deel op koshuisgebied by te dra.

# KLAWERHOF WOEL MET SWEMREKORDS

**KLAWERHOF SE SWEMSPAN het uitstekend gevaar in die Interkoshuisgala vanjaar. Daar is in elke dames-item nuwe Pukrekords opgestel.**

Beth Lordan het gesorg vir nuwe rekords in die 100 tree vryslag, die 100 tree borsslag, 100 tree wisselslag, 33⅓ tree kruipslag, 33⅓ tree Vlinderslag.

Anna Venter het die 33⅓ tree borsslag-rekord verbeter en 'n eerstejaar, Dalene van Wyk die 33⅓ tree rugslag. Mej. Venter het tweede plek behaal in die ander items, ook met vinniger tye as die bestaande Puk-rekords.

Die puntetelling was soos volg:

Klawerhof 72 punte.
Heide 19 punte.
Karlien 7 punte.

Baie goeie tye is opgestel met die aflosse.

# SKAAKSPELERS MAAK SKOONSKIP OP KUESTA '70

**DIE P.U.-SKAAKSPELERS het die ander universiteite tydens Kuesta '70 oorskadu — die eerste span van Puk het eerste, en P.U. II tweede geëindig. Daar is ook individueel deelgeneem, nl. eerste, tweede, derde en vierde spelers van alle universiteite onderling teenmekaar.**

U.P. se eerste en tweede spelers, H. Moolman en W. Slabbert, is albei twee bekende goeie spelers. Die algemene verwagtig was ook dat hulle hul afdelings met gemak sou wen — tot hul teen Louis van Rensburg en Johan van der Walt van Potchefstroom te staan gekom het.

### ABSOLUUT BRILJANT

In die spel tussen Louis van Rensburg en Hannes Moolman moes die organiseerders na 1½-uur 'n beslissing gee — wat ten gunste van Louis was. Die beslissing was moeilik, en Louis en Hannes het die spel voltooi (ter wille van 'n weddenskap). Louis het sy P.U. maats se weddenskap vir hulle gewen deur foutloos en absoluut briljant te speel. Hannes Moolman, net so briljant, het vroeg in die spel 'n klein foutjie begaan wat Louis in die endspel kon uitbuit om Moolman na vier uur skaakmat te sit — volle konsentrasie van 2—6.

Johan van der Walt het ook sy eerste spel teen W. Slabbert gewen. Louis en Johan het hulle tweede stelle teen Moolman en Slabbert verloor, en dus hulle afdelings elk met twee punte verloor.

Interresant was dat hulle teen Allen Cross en Casper du Buison, P.U. II se nr. 1 en 2 spelers elk 'n spel verloor het.

Frans Arnoldi, van P.U. was die beste nr. 3 speler. P.U. I se nr. 4 speelster, Manda de Beer, het nie een spel verloor nie, en J. Fouché, nr. 4 speler van die P.U. II het net teen Manda verloor.

KUESTA 70 het egter nog 'n groot bydrae vir interuniversitêre skaak gelewer deurdat 'n komitee, bestaande uit Casper du Buisson (P.U.), Corrie Rademeyer (U.P.) en Aart Louw (N.K.P.), saamgestel is om Interuniversitêre kompetisies te koördineer en volgens die uitslae 'n kampioen, en 'n kampioenspan te bepaal.

# TAFELTENNIS

DIE tafeltennis-standaard is vanjaar van uitstaande gehalte. Benewens goeie talent onder die eerstejaars, is die klub ook aansienlik versterk met die koms van Elsa de Wet. Verder is Leon Theron op die oomblik derde in Wes-Transvaal gekeur. Die bestuur vir die termyn 1970 is: L. Theron, V. de Villiers en R. Joubert as voorsitter, sekretaresse en penningmeester onderskeidelik.

Die klub beoog om die jaar meer met buiteklubs te kompeteer. Hulle het twee spanne in die Premier en eersteliga ingeskryf, en sal aan die Interuniversitêre toernooi in Kaapstad gedurende die Julie-vakansie deelneem.

# OOSTERHOF WEN KORFBAL OORTUIGEND

**IN DIE KORFBAL-koshuisliga wat op 11 April beslis is, het Oosterhof, gekombineer met dorp, oortuigend gewen. Dit is veral 'n mooi prestasie as in ag geneem word dat slegs drie van die span se lede werklik korfbalspeelsters is. Die res van die span het bestaan uit netbal-, tennis- en hokkiespeelsters.**

Enkele van die speelsters moes selfs voor die tyd die reëls bestudeer, en minstens een van die dames het glad nie eers geweet hoe 'n korfbalbal lyk nie! Puik spel is gelewer deur Elsa de Wet, Sanet Maré en Maggie Erasmus, al drie eerste span speelsters. Die ander speelsters wat eintlik maar net gespeel het ter wille van die span- en koshuisgees, het hulle tog goed van hulle taak gekwyt.

Vir die uitdunne is daar eers teen Karlien gespeel, en toe teen Klawerhof A, wat die wenners teen Heide A was. Hier het Oosterhof slegs met een punt gewen. In die finale het Oosterhof en Dorp teen Klawerhof B te staan gekom, wat die wenners was van die ander uitdunne. Oosterhof het hier oortuigend gewen met 27—5.

Die volledige span was:

Dorp: Maggie Erasmus; Elsa de Wet.

Oosterhof: Sanet Maré; Judy Fouche; Petro Ras; Elna du Plessis; Elzabe Schutte; Estelle Naude.

# Trampolienklub probeer weer

DIE 9de April is die Trampolienklub opnuut herstig. Tekort aan apparaat in die verlede het hom van tyd tot tyd gekniehalter. Met die hulp van die Sportinstituut is egter apparaat van puik gehalte vir die klub verkry. Die klub beskik oor twee matte en het groot planne vir die toekoms, en is vas van plan om intervarsity vir Kovsies opdraande te gee.

Onder die lede is daar twee provinsiale trampolienspringers en ook verskeie beginners. Streng dissipline sal gehandhaaf word en slegs lede word toegelaat, om van die apparaat gebruik te maak.

Die klub is egter oop vir alle PUKKE om aan te sluit. Amptelike oefentye is sportmiddae en dan ook kan die sleutel enige tyd verkry word by die bestuur.

ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORTDRAG

POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE

UNIEWINKELS

DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)
POTCHEFSTROOM

na aksie - satisfaksie




vol-ja smaakvol

# EERSTESPAN WEN BYNA MET 13 MAN

**GOLDFIELDS HET die Puk se eerste span Saterdag met 19—5 verslaan. Veral in die eerste helfte het Goldfields begeesterd gespeel en 16 punte opgestapel. Dit het gelyk asof die Pukke onfiks was en nie die talle aanvalle van Goldfields kon afweer nie.**

In die tweede helfte het die Pukke die bordjies verhang en met talle mooi bewegings vorendag gekom. Die afronding was egter nog nie daar nie. Vroeg in die wedstryd het die Pukke se senter Kadot van Heerden sy skouer beseer en hy was dus die hele wedstryd 'n passasier. Nie lank daarna nie het die vleuel Gert Lategan 'n spier seergemaak sodat hy nie voluit kon hardloop nie. Die Pukke het dus die grootste gedeelte van die wedstryd met 13 man gespeel.

Van die Pukke het Frans Kruger en Gerrit Botha onder die agterspelers en Laubscher, Ferdie Postma, Piet Brand en Jim van Rensburgh onder die voorspelers uitgeblink.

Die Pukke het baie punte weggegooi met skoppe, want nie een van die erkende stelskoppers het die skopskoen aangehad nie. Vir die Pukke het Henk Coetzee en Gerrit Botha drieë gedruk. Bertie Fourie, Piet Roodt en F. van Eck het elk met 'n strafskop geslaag.

TWEEDE SPAN

Die tweede span het met 19—17 gewen. S. van der Merwe wat nog verlede jaar vir Tuks se eerste span gespeel het as Menter nie beskikbaar was nie, het voortreflike spel gelewer.

Die onder 20 A's het 'n wegholoorwinning behaal: hul teenstanders met 40—9 kafgedraf. B. Saaiman, M. Kruger en I. Grundling het puik spel gelewer en Saaiman het 3 drieë gedruk.

Die voorspelers het ook die oorhand gehad en die span het na die enigste werklike fikse span gelyk.

Die onder 20 B's het in 'n saai wedstryd gelykop gespeel teen Weermag. Die telling was 8 elk.



Konkie v. d. Walt is die nuwe junior Suid-Afrikaanse kampioen in die 100 meter hekkies.

(Foto: Fotokuns)

## GEEN VERRASSINGS BY TENNISKAMPIOENSKAPPE

**DIE P.U. SE tenniskampioenskappe is nog in die beginstadium en het nog geen noemenswaardige verrassings opgelewer nie.**

Slegs wedstryde in die eerste rondte is al afgehandel. Die meeste gekeurde spelers het as gevolg van loslootjies nog geen wedstryde gespeel nie. Helena Schöch, 'n eerstejaartjie, het goed vertoon toe sy die sesde gekeurde Louise Adendorff met 6—4/6—0 geklop het.

Vier Pukke het in die Aprilvakansie in die Suid-Afrikaanse opetoernooi gespeel. Hulle is: Johan Malan, Nico Botha, Heloïse Burger en Retha Smith. Hulle het hulself in „groot geselskap" bevind en dit is dus te verstane dat hulle nie die tweede rondtes in hul onderskeie afdelings kan haal nie. Hul uitslae is as volg:

Johan Malan verloor teen A. McDonald 6—1/6—2/7—5.

Nico Botha verloor teen B. Niemand 6—2/6—2/6—2.

Heloïse Burger verloor teen Pat Walkden 6—4/6—0.

Retha Smith verloor teen Billy Jean King 6—1/6—0.

Malan/Botha verloor teen Forbes/Segal 7—5/6—1/6—0.

Burger/Smith verloor teen Botha/Rossouw 6—2/6—3.

Botha/Smith verloor teen Desatnik/Vukovich 6—3/6—4.



Die skermklub gaan nog steeds van krag tot krag. Hier is twee lede besig om die fynere kunsies te leer.

(Foto: Fotokuns)


**GOEIE KOS!**
**FLINKE DIENS!**
**u tevredenheid is ons PLESIER!**

**BAILIEPARK PADKAFEE**

(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
**Tel. 6670**




# PUK ATLETE VEROWER VIER S.A. TITELS

**BEHALWE FANIE VAN ZIJL se twee pragvertonings oor die 800 meter en 1,500 meter, het Bea Marais en Johan Hunter ook as Suid-Afrikaanse kampioene na die Puk terug gekeer van die atletiekkampioenskappe.**

Bea het, nadat sy vyfde geëindig het in die 400 meter met 57.2 sek. ook bewys dat sy nog die beste Suid-Afrikaanse dame oor die 800 m. bly. „Daar was groot spanning onder die deelneemsters. Ekself was nog nooit voor 'n wedloop so gespanne nie", vertel sy. Sy het nogtans die wedloop ver gewen in die mooi tyd van 2 min. 8.1 sek. wat net drie sek. meer is as haar Suid-Afrikaanse rekord.

Johan Hunter het weer sy bes gedoen en is beloon toe hy eerste geëindig het in die driesprong met 'n afstand van 50' 9".

Onder die Pukke wat tweede plekke op die kampioenskappe verower het was Hansie Booysen wat in die gewigstoot 'n afstand van 56' 2" gehaal het. Ria van der Berg het ook tweede gekom en wel in die 100 meter hekkies. Sy het 14.6 sek. gehaal wat die beste tyd vir haar loopbaan as hekkiesnaelloopster is.

HYBRÉ DE LANGE

Hybré de Lange het in dieselfde item sesde geëindig met 14.9 sek. Hybré het ook verder 'n tweede plek in die hoogspring verower toe sy op 5' 3¼" oor die dwarslat gesell het. Die wenner, Helena Visser van W.P. het dieselfde hoogte gespring.

Die afgelope naweek het Hybré getoon dat sy ook 'n groot aanwins vir die Puk is ook op die gebied van die vyfkamp, want sy het met die beroemde Lottie Schmidt afgereken om die nuwe Suid-Afrikaanse vyfkamp-kampioene te word.

Ander mooi vertonings is gelewer deur Gawie van Eck wat derde geëindig het in die 3,000 meter hindernis met 9 min. 33.6 sek., Hansie Booysen wat ook derde gekom het in die skyfwerp met 158' 1½", mej. C. Malan wat vyfde geëindig het in die skyfwerp vir vroue met 146' 0½" en Pypies Laubscher wat 'n vyfde plek in die 1,500 meter verower het met 3 min. 52.0 sek.

## Pukke verloor kaaseetvarsity

WAAR het 'n mens al ooit gehoor van 'n mielieboer wat kan kaas eet? Tog het 'n span van vier Pukke die naweek van die 11de April probeer om 'n span van Kovsieland te wys waar Dawid die stuk kaas begrawe het. Was dit maar eerder 'n wortel gewees, want die Pukke het die kaas-eet kompetisie teen Kovsies verloor — 'n ware kaastervarsity.

Die Kaastervarsity is gereël deur die Suiwelraad wat die Saterdagmiddag plaasgevind het op die Bloemfonteinskou voor ongeveer tweeduisend mense. Die kompetisie het daarin bestaan om te kyk hoeveel kaas 'n span van vier binne 'n halfuur kon opeet. Die ergste van alles was, dat 'n mens nie eers toegelaat was om siek te word tydens die smartvolle halfuur nie. Een lid van die Puk se span het goed uitgehou tot ongeveer 15 sekondes voor die einde waarna die ander lede van beide die Pukke en die Kovsies hom spoedig gevolg het tot groot vermaak vir die publiek van Bloemfontein.

Kovsies het 'n totaal van 2.278 kg. opgeëet en die Pukke 2.103 kg. Die span van die Pukke het bestaan uit Jerry Cunniff, Jorrie Jordaan, Burgert van der Westhuizen en Gerrie du Preez.

**Tensy anders vermeld word, is alle berigte met 'n politieke strekking, versorg deur D. J. Swanepoel van die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.**


**U kan gerus u bande versool by . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**



**'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK**

**Groot voorraad**

**★ NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die**

**★ GOODYEAR G 800 loopvlak**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**